RADIO RSA

DE STEM VAN ZUID AFRIKA

TAAL EN TEKEN

AFRIKAANSTAALMONUMENT IN PAARL, KAAP PROVINCIE.

belman

RADIO RSA

DIE STEM VAN SUID-AFRIKA

UITSAAISENTRUM HENLEYWEG TELEGRAMME EN KABELS "UITSAAI" JOHANNESBURG

POSBUS 4559 JOHANNESBURG 2000 TELEFOON (011) 714-0600

... veel genoegen sturen wij U hierbij de handleiding ter aanvulling op de door Radio RSA gebrachte taalcursus, "Taal en Teken".

U zult merken dat elke afzonderlijke les een reeks oefeningen bevat met de antwoorden achterin het boekje. U kunt deze oefeningen zelf proberen en huiswerk naar ons opsturen, zodat het door ons kan worden nagekeken. Wij horen graag van U en mocht U vragen of problemem hebben, dan zullen wij U graag helpen.

Met ingang van de maand mei zal de taalcursus herhaald worden. Iedere student, die deze cursus voltooid en door geregelde inzending van huiswerk en correspondentie zijn of haar belangstelling heeft aangetoond, zal in aanmerking komen voor een certifikaat alsook een klein zakwoordenboek.

Wij wensen U veel succes toe bij de studie en wij hopen binnenkort weer wat van U te vernemen.

Dankie vir u brief - ek hoor graag weer van u! Groete (Hew Marais) (Studieleidster.)

SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE

BUITELANDSE DIENS

TAAL EN TEKEN

Dit boekje is bedoeld voor luisteraars die graag hun kennismaking met 't Afrikaans in onze programmaserie TAAL EN TEKEN willen opvolgen met wat oefeningen. U zult hier twee mogelijkheden aantreffen. Voor elke programma vindt U een aantal oefeningen waarvan U de antwoorden in het boekje zelf zult vinden: U krijgt dus onmiddellijk reactie. In de tweede plaats zijn er oefeningen waarvan de antwoorden aan de Buitelandse Dienst van Radio R S A gepost kunnen worden. Wij zien Uw werk gratis na en U ontvangt ook kommentaar. Ons adres is:

RADIO R S A
Postbus 4559
Johannesburg 2000
Zuid-Afrika.

Ook zult U in dit boekje een meer systematische uiteenzetting vinden van een aantal verschillen tussen Nederlandse en Afrikaanse schrijfwijze en uitspraak en andere taalverschijnselen die de taalstudent zullen interesseren.

We hopen dat Uw contact met de Afrikaanse taalgemeenschap leerzaam en aangenaam was.

INHOUD

PROGRAMME	BLADSY
1. IN JOHANNESBURG	4
2. PRETORIA	6
3. IN DIE KRUGERWILDTUIN	8
4. DIE KRUGERWILDTUIN (VERVOLG)	10
5. DEUR OOS-TRANSVAAL	12
6. IN DURBAN	14
7. BY DIE RESTOURANT	16
8. DIE WILDEKUS	17
9. TERUG IN JOHANNESBURG	19
10. IN DIE KOMBUIS	21
11. JOHANNESBURG	23
12. BY DIE KLEREWINKEL	24
13. OP DIE PLAAS	26
14. SPORT	28
15. ONTBYT BY BABS	30
16. TABAK	32
17. 'N DIAMANTMYN	33
18. 'N VOLSTRUISPLAAS	34
19. DIE TUINROETE	36
20. KAAPSTAD	38
21. KAAPSTAD (VERVOLG)	39
22. KAAPSTAD (VERVOLG)	41
23. TERUG IN JOHANNESBURG	42
24. VENDA	44
25. VENDA (VERVOLG)	45
26. 'N NUWE WONING	47
ANTWOORDE OP OEFENINGE	49
WOORDELYS	55

PROGRAM 1 (EEN)

IN JOHANNESBURG

1. WOORDELYS

baie	- veel, erg	is	- zijn, ben, bent, enz. (vgl. aantekeningen)
bo	- boven	klippe	- stenen
daardie	- gindse, die, dat	koppie	- heuvel
darem	- (tussenwerpsel dat veel gebruikt wordt letterlijk "daarom", soms "toch")	lê	- liggen
die	- de, het	lyk (soos)	- lijkt (op)
dis (= dit + is)	- dit is, dat is, het is	'n	- een
eintlik	- eigenlijk	'n mens	- men
fluks	- flink	nie	- niet
glad nie	- helemaal niet	ons	- wij, ons
glo	- geloven	reën	- regen
		sê	- zeggen
		sommer	- zo maar
		soos	- zoals
		stene	- bouwstenen, bakstenen
		toring	- toren
		wees	- wezen, zijn

2. UITDRUKKINGS

Is jy reg	Ben je gereed/klaar
Ja nee	Uitroep - soms: ik geef je gelijk. Ook een verzuchting: Ja, wat doe je er aan enz.

3. AANTEKENINGE

3.1 Die werkwoord verander in Afrikaans nie vir die verskillende persone nie. In hierdie program word die voorbeeld gegee van die woordjie wees:

ik ben	- ek is	wij zijn	- ons is
jij bent	- jy is	jullie zijn	- julle is
hij is	- hy is	zij zijn	- hulle is
zij is	- jy is		
het is	- dit is		

3.2 U sal ook opmerk dat die ij in Nederlands nie in Afrikaans gebruik word nie. Ons gebruik sonder uitsondering y.

3.3 Dis is 'n sametrekking van dit + is en word gebruik vir die Nederlandse dit is, dat is en het is. Dit is bestaan ook maar word in die algemene omgangstaal nie baie gebruik nie.

Dus:	Het is koud	- Dis koud
	Dit is een pen	- Dis 'n pen
	Dat is een prachtige boom	- Dis 'n pragtige boom, of daardie boom is pragtig

3.4 Die lidwoord

Die woordjie 'n word gebruik vir die Nederlandse een in: Dit is 'n boek - dit is een boek. Die woordjie een word slegs as telwoord gebruik: een, twee, drie ...

Die Afrikaanse woord die moet baie harder werk as die ooreenstemmende de in Nederlands, want ons het nie die lidwoord het nie.

Dus:	het boek	- die boek
	de man	- die man
	het kind	- die kind

4. OEFENINGE

(Antwoorde op bladsy 49)

4.1 Skryf in Afrikaans:

Dit is een toren.
Hier ligt een steen.
Dit is een boom.
Daar is het boek.
Hier is de man.
Daar ligt het kind.

4.2 Begin onderstaande sinne met die woorde tussen hakies:

Koos is siek. (Hy, ek, jy, u, hulle, sy, julle, ons)

4.3 Skryf die volgende sinne in Afrikaans:

Eigenlijk is het erg warm.
Ze geloven het helemaal niet.
Het lijkt op een toren.
Het regent hier veel.
Dat zegt men niet.
Het ligt op de tafel.
Je moet flink zijn.

PROGRAM 2 (TWEE)

PRETORIA

1. WOORDELYS

amper	- bijna	sambok	- zweep
baadjie	- jasje	skaam	- schaam, schamen
bietjie	- beetje, even	skaap	- schaap
dae	- dagen	skaars	- schaars
dink	- denk, denken	skep	- schep, scheppen
êrens	- ergens	skip, skepe	- schip, schepen
jakkals	- vos	skool	- school
kombuis	- keuken	slim	- knap, intelligent
meisie	- meisje	slu	- sluw
mos	- immers	teen	- tegen
my	- me, mij	vir	- voor, aan
piesang	- banaan		
plesier	- plezier		
reguit	- rechtuit, rechte		

2. UITDRUKKINGS

Jy is reg	-	Je hebt gelijk
Kyk bietjie	-	Kijk eens even
Baie ander	-	Vele anderen
Glad nie	-	Helemaal niet

3. AANTEKENINGE

3.1 Maleis-Portugees was die lingua franca van die see in die tyd toe Van Riebeeck en sy mense hier geland het, en nog vir jare daarna. Heelwat Maleiers het trouens na die Kaap gekom om hier te bly. Dis dus geen wonder dat ŉ groot aantal woorde van Maleise oorsprong deel geword het van ons woordeskat nie. In hierdie program is ŉ aantal voorbeelde genoem:-

piesang	- banaan	kombuis	- keuken
baie	- veel, erg	amper	- byna
sambok	- zweep	nonnie	- meisje
baadjie	- jasje	blatjang	- blatjang
tronk	- gevangenis	aia	- vrouw

3.2 In die dialoog is ook verwys na die konstruksie:

<u>ŉ Mens</u> moet <u>jou</u> ouers respekteer.
Die Nederlander moet dus veral oplet dat <u>ŉ mens</u> die Afrikaanse ekwivalent is van <u>men</u>, en <u>dat as</u> dit deur ŉ refleksief of besitlike voornaamwoord gevolg word, altyd die vorm <u>jou</u> noodsaak.

Dus:

ŉ Mens moet jou werk doen.
ŉ Mens behoort jou elke oggend te skeer.

3.3 Die Nederlandse sch- word sk- in Afrikaans.

Dus: schip - skip
school - skool
scheren - skeer

4. OEFENINGE

(Antwoorde op bladsy 49)

4.1 Voorbeeld: Ek skaam my.
ŉ Mens behoort jou te skaam.

Doen nou dieselfde met:

Ek skeer my elke oggend.
Ek vergis my selde.
Ek vererg my nooit nie.
Ek gedra my goed.
Ek steur my nie daaraan nie.

4.2 Skryf in Afrikaans:

schamen	scheppen	scheef	schaap
schepen	schaars	scherm	

PROGRAM 3 (DRIE)

IN DIE KRUGERWILDTUIN

1. WOORDELYS

bosveld	- bosachtige streek in Noord- en Oost-Transvaal	raaksien	- opmerken
bees	- koe, os, of stier	rooibok	- impala
heeldag	- de hele dag	seekoei	- nijlpaard
hierdie	- deze	seekoeibul	
kameelperd	- giraffe	seekoekoei	
kar	- auto	snaaks	- grappig vreemd
oë	- ogen	stadig	- langzaam
pad	- weg	vinnig	- snel, vlug
		vleis	- vlees
		wildevy	- wilde vijgenboom

2. AANTEKENINGE

2.1 Wildsoorte het in Afrikaans in baie gevalle ŉ benaming gekry wat drasties verskil van die Nederlandse name. Hieronder volg ŉ aantal interessante voorbeelde (waarvan sommige reeds in die woordelys voorkom).

kameelperd	- giraffe	sebra/ kwagga	- zebra
rooibok	- impala	tier	- tijger
seekoei	- nijlpaard	luiperd	- luipaard
bobbejaan	- baviaan	vlakvarke	- wilde zwijnen
wildebees	- gnoe	volstruis	- struisvogel
renoster	- neushoorn	jakkals	- vos

2.2 Die manlike en vroulike vorm van sekere diersoorte verskil ook heeltemal van Nederlands:

seekoeibul, seekoeikoei, seekoeikalfie
volstruismannetjie, volstruiswyfie
leeumannetjie, leeuwyfie, welpies

2.3 Ontkenning in Afrikaans

Afrikaans het ŉ dubbel ontkenning, soos in Frans. Hieronder volg ŉ aantal eenvoudige sinne om die ontkenning in Afrikaans te illustreer:

Ek lees nie.
Die hond blaf nie.
Hierdie dier swem nie.

In hierdie kort sinne is een <u>nie</u> voldoende. Sodra ons egter die sinnetjies langer maak, deur byvoorbeeld die verlede tyd te gebruik of 'n uitbreiding in te voeg, is twee <u>nie's</u> nodig:

Ek het <u>nie</u> gelees <u>nie</u>.
Die hond blaf <u>nie</u> aanhoudend <u>nie</u>.
Hierdie dier swem <u>nie</u> graag <u>nie</u>.

Na woorde soos <u>nooit</u> en <u>niks</u> is ook nog 'n <u>nie</u> nodig:

Ek lees nooit nie.
Hy sien niks nie.
Sy praat met niemand nie.

Ander gebruike sal in 'n later les geïllustreer word.

3. OEFENINGE

3.1 Maak die volgende sinne ontkennend:

Dit reën.
Dit reën hard.
Het jy iets gesien?
Die leeu het 'n bokkie gevang.
Die vlakvarke loop in die ruskamp rond.
Sy slaap.
Het jy iemand in die winkel gesien?
Was u al ooit in die Krugerwildtuin?

(Antwoorde op bladsy 49)

4. HUISWERK

Ons nooi u uit om die volgende hersieningsoefeninge te probeer en die antwoorde na die adres op bls. 2 te pos. Ons sien dit graag na en pos dit met kommentaar terug.

4.1 Gee die Afrikaanse weergawe van die volgende sinne:

Wij zijn hard aan het werk.
De struisvogels zijn niet meer te zien.
Ook het bokje zie ik nergens.
Het is ergens achter die bomen daar.
Daar liggen veel boeken op de tafel.
Dat boek heb ik nog niet gelezen.
Met deze boeken ben ik klaar
Leg ze maar rechts van deze stapel.
Heb je dit boek al gelezen?
Ik heb nog nooit zo 'n beest gezien.

4.2 Hoe skryf 'n mens in Afrikaans:

Schaken, schepen, verscherpen, schande, schoorvoetend.

4.3 Gee die Afrikaanse benaminge vir:

Banaan, jasje, gevangenis, keuken, impala, giraffe, nijlpaard, wilde vijgenboom, wild zwijn, gnoe.

PROGRAM 4 (VIER)

DIE KRUGERWILDTUIN (VERVOLG)

1. WOORDELYS

aand	- avond	liewers	- liever
asseblief	- alsjeblieft	moenie	- Je moet niet
bobbejaan	- baviaan	rondawel	- ronde hut met rieten dak
boerewors	- typisch Zuid-afrikaanse worst	skink	- schenken
		slaai	- sla
braaivleis	- barbecue	tjops	- carbonaden
darem	- toch	veld	- open natuur
dink	- denken	vleis	- vlees (om te eten)
gesels	- praten		
kos	- voedsel	vlees	- tegenover-gestelde van geest

2. AANTEKENINGE

2.1 MOENIE

Die woord moenie is eintlik 'n verkorting van drie woorde JY MOET (= MAG) NIE, of U MOET NIE, of JULLE MOET NIE.

Dit word gebruik om 'n bevel ontkennend te maak. Dus:

Staan stil! Moenie stilstaan nie!
Ry stadig! Moenie stadig (= langsaam) ry nie!
Praat harder! Moenie harder praat nie!

Soms is dit nodig om die woord te skei, soos in die volgende gevalle:

Praat asseblief harder!
Moet asseblief nie harder praat nie!
Ry in vredesnaam stadiger!
Moet in vredesnaam nie stadiger ry nie!

2.2 Die laaste -t in Nederlands, veral na s, word in Afrikaans weggelaat:

korst	- kors	kost	- kos
worst	- wors	haast	- haas
toerist	- toeris	vast	- vas

2.3 Soos in die dialoog verduidelik is, word die woord vleis gebruik vir die vleis wat ons by 'n slagter koop. Vlees word net gebruik in die konteks van byvoorbeeld:

Die gees is gewillig maar die vlees is swak.

3. OEFENINGE

(Antwoorde op bladsy 49)

3.1 Maak ontkennend:

Smeer die botter op die brood!
Maak die hek toe!
Maak asseblief die venster oop!
Bring my die boerewors!
Sluit liefs die deur toe!

3.2 Hoe, dink u, sou die volgende woorde in Afrikaans geskryf word?

scherp	schotel	mast	schande
last	schat	rest	
moest	oost	beschuit	

PROGRAM 5 (VYF)

DEUR OOS-TRANSVAAL

1. WOORDELYS

eintlik	- eigenlijk	neef) niggie)	- aanspreekvorm
glad nie	- helemaal niet	oom) tante)	- beleefde aanspreekvorm
hardloop	- hollen, draven	snaaks	- raar, grappig
hoëveld	- hoogvlakte	soos	- zoals
kla	- klagen	vinnig	- snel, vlug
kuier	- bezoeken	voël	- vogel
lae	- lage	volstruis	- struisvogel
lang, lank	- lang	vuurhoutjies	- lucifers
lekker	- bonbon, snoepje	wêreld	- wereld
luiperd	- luipaard		
Ma	- Moe		

2. UITDRUKKINGS

Pad beduie	- de weg wijzen
Moenie snaaks wees nie	- houd me niet voor de gek

3. AANTEKENINGE

3.1 Die aanspreekvorm in Afrikaans

In Afrikaans, net soos in Nederlands, gebruik ons die aanspreekvorm jy of julle vir mense wat ons goed ken en vir kinders. Die beleefde u word in ander gevalle gebruik, met die verskil dat dit in Afrikaans met 'n klein letter geskryf word.

Dus:

Jannie, sal jy my vanmiddag kom help?
Meneer, sal u vanaand nog vertrek?

Maar behalwe hierdie bekende vorme is daar nog 'n ander, tipiese Afrikaanse aanspreekvorm. Dis vir 'n ouer persoon:

Het Oom die trop olifante gesien?
Tannie, sal Tannie vanaand pannekoek bak?
Pa het Pa se pyp in die studeerkamer laat lê.
Ma, ek het vir Ma 'n present gekoop.

En vir jonger persone:

Jy sal moet oppas vir daardie jong man, Niggie!
Kyk, Neef, jy draai links by die tweede verkeerslig.

Let ook op die besitlike vorm:

Oom, mag ek vanaand Oom se boek leen?

3.2 Die werkwoord

Ons het reeds in 'n vorige program gekyk na 'n onreëlmatige werkwoord. Maar miskien is dit tog goed om u daaraan te herinner dat die werkwoord in Afrikaans nie verander vir verskillende persoonsvorme nie. Ons gee u hier 'n paar voorbeelde:

3.2.1	Ek kyk Jy kyk U kyk Sy kyk Hy kyk	Ons kyk Julle kyk Hulle kyk Jan kyk
3.2.2	Ek vergeet Jy vergeet U vergeet Sy vergeet Hy vergeet	Ons vergeet Julle vergeet Hulle vergeet Annie vergeet
3.2.3	Ek het Jy het Hy het	Ons het Julle het Hulle het

4. OEFENINGE

(Antwoorde op bladsy 50)

4.1 Gebruik die aanspreekvorm tussen hakies.

Sal u vandag nog dorp toe ry?	(Oom)
Was u al voorheen in Kaapstad?	(Tannie)
Mag ek u skeermes leen?	(Pa)
Is dit u sambreel?	(Oom)
Wanneer gaan u weer beskuit bak?	(Ma)

4.2 Begin die volgende sinne met die woorde tussen hakies.

Jy het seker weer vergeet.	(Hulle)
Ek borsel gereeld my tande.	(Sy)
Jy vergis jou nie.	(Hy)
Hy is dit gewoond.	(Ek)
Sy eet te min.	(Julle)

PROGRAM 6 (SES)

IN DURBAN

1. WOORDELYS

aansoek	- solliciteren	heeldag	- de hele dag
baas	- chef	môre)	- morgen
dorp	- stad of dorp	more)	- ochtend
gewoond	- gewend	sambreel	- paraplu
haainette	- stalen netten om haaien van het strand weg te houden	storie	- verhaal
		tikster	- typiste
		vanmôre	- vanmorgen

2. UITDRUKKINGS

Ek weet	- Ik weet het
Strand toe	- Naar het strand
Dorp toe	- Naar de stad

3. AANTEKENINGE

3.1 Uitspraak

Die g word in Afrikaans sagter as in Nederlands uitgespreek, en in sommige woorde klink die g soos in die Engelse "dog" en "grow". Dit is die geval in berge, erger, borge, sorge. In baie gevalle het die g in Afrikaans weggeval:-

hoge	- hoë	morgen	- môre of more
lage	- lae	ergens	- êrens

3.2 Die refleksief

Die Nederlandse werkwoord word in Afrikaans heeltemal anders as in Nederlands gebruik. Die vorm zich is byvoorbeeld onbekend:-

Ek skaam my	- Ons skaam ons
Jy skaam jou	- Julle skaam julle
Hy skaam hom	- Hulle skaam hulle
Sy skaam haar	- U skaam u

Dieselfde gebeur dus met werkwoorde soos vergis en verslaap.

Na 'n mens (Nederlands men) word altyd jou gebruik:

'n Mens behoort jou nie te vergis nie.

3.3 Ek en jy

Anders as in Nederlands en Engels, kom die ek eerste. Ons sê dus: ek en jy, en nie *jy en ek nie.

4. OEFENINGE

(Antwoorde op bladsy 50)

Begin onderstaande sinne met die woorde tussen hakies:

Hy het hom na die partytjie lelik verslaap.	(Sy)
Ek steur my eenvoudig nie daaraan nie.	(Hulle)
Sy verheug haar daaroor.	(Ons)
Jy moet jou nie ooreet nie.	('n Mens)
Jy verbeel jou jy is slim.	(Hy)

5. VIR DIE ENTOESIAS

Hier volg 'n aantal skriftelike hersieningsoefeninge vir hulle wat graag terugvoer vanuit Suid-Afrika wil hê. Stuur u antwoorde na die reeds genoemde adres (bls. 2). Ons sien u huiswerk gratis na en pos dit met kommentaar aan u terug.

5.1 Skryf die Afrikaanse ekwivalente vir die volgende woorde neer:

wijd	kast	mast	verschuif
schaaf	beschermen	schets	
school	wijs	haast	

5.2 Gee 'n halfdosyn woorde in Afrikaans van Maleis-Portugese oorsprong.

5.3 Maak die volgende sinne ontkennend:

Plak die koevert toe!
Gee my die gereedskap aan!
Doen hom 'n guns!
Praat asseblief harder!
Gooi meer sout by!
Hy het die briewe onderteken.
Sy weet dit.
Hulle praat Afrikaans.
Hy het die vragmotor verbygery.
Sy neem haar eie korrespondensie waar.

PROGRAM 7 (SEWE)

BY DIE RESTOURANT

1. WOORDELYS

bees	- koe of os
beesvleis	- rundvlees
bietjie	- beetje
baie dankie!	- dank u wel!
eg	- echt
gesondheid!	- proost!
kotelette	- karbonaden
nagereg	- nagerecht
poeding	- pudding
reg	- recht, correct
sjerrie	- sherry
skaaptjop	- schape-karbonade
tjops	- karbonade
vaak	- slaperig
varktjops	- varkens-karbonade

2. AANTEKENINGE

2.1 Die suffiks -lijk word in Afrikaans -lik

natuurlijk - natuurlik
eerlijk - eerlik

2.2 Die Nederlandse -isch word in Afrikaans -ies

komisch - komies
ekonomisch - ekonomies

2.3 Die z word in Afrikaans s

zand - sand
ezel - esel
grenzen - grense

2.4 Waar die g in Afrikaans verdwyn, kom dikwels 'n deelteken:

regel - reël   spiegel - spieël
lege - leë   hoge - hoë

Vir die kombinasie ae is geen deelteken nodig nie.

lage - lae   magen - mae

2.5 Die Nederlandse v word in Afrikaans dikwels w:-

huivering - huiwering
leven - lewe

3. OEFENINGE

(Antwoorde op bladsy 50)

Skryf die volgende Nederlandse woorde in Afrikaans:

zekere, opgave, zwaar, elektrisch, onmogelijk, huizen, zegen, zegel, regel, hagel,

beven, lezen, historisch, gezag, wegen.

4. 'N PAAR IDIOMATIESE UITDRUKKINGS

Hy is hoenderkop	- Hij is dronken
Iemand op sy baadjie gee	- Een pak slaag geven
Hy is bokveld toe	- Hij is dood
Die hoenders in wees	- Kwaad zijn
Maljan onder die hoenders	- De enige man onder een groep dames
Dit hotagter kry	- Het hard te verduren hebben
Jakkalsdraaie maak	- Met allerlei uitvluchten voor de dag komen
'n Kaapse draai	- Een scherpe draai, wending
Vir iemand 'n klip uit die pad rol	- Iemand 'n gunst bewijzen
Stadig oor die klippe	- Voorzichtig en langzaam te werk gaan
Alles sal reg kom	- Alles komt in orde
Dit maak nie saak nie	- Het hindert niet

PROGRAM 8 (AGT)

DIE WILDEKUS

1. WOORDELYS

agter	- achter
hare	- van haar
hulle s'n	- van hun
joune	- van jou
julle s'n	- van U (meerv.)
kus	- kust
myne	- van mij
netnou	- straks
ons s'n	- van ons
roosterbrood	- toost
syne	- van hem
toebroodjie	- sandwich, boterham
u s'n	- van U
vandag	- vandaag
vanoggend	- vanmorgen

2. AANTEKENINGE

2.1 Die besitlike vorm van die persoonlike voornaamwoord kan vir die Nederlander probleme oplewer:

Dit is <u>my</u> boek.	Die boek is <u>myne</u>.
Dit is <u>jou</u> boek.	Die boek is <u>joune</u>.
Dit is <u>sy</u> boek.	Die boek is <u>syne</u>.
Dit is <u>haar</u> boek.	Die boek is <u>hare</u>.
Dit is <u>ons</u> boek.	Die boek is <u>ons s'n</u>.
Dit is <u>julle</u> boek.	Die boek is <u>julle s'n</u>.
Dit is <u>hulle</u> boek.	Die boek is <u>hulle s'n</u>.

Dit is u boek.	Die boek is u s'n.
Dit is Jan se boek.	Die boek is Jan s'n.
Dit is Annie se boek.	Die boek is Annie s'n.

2.2 Uitspraak : nasalering

Soos in Frans, kry ons ook in Afrikaans die nasaleringsverskynsel. Die reël is nogal ingewikkeld, maar ons sal ons hier beperk tot 'n paar gevalle:

2.2.1 In die volgende woorde word die n genasaleer - dit wil sê: die n word nie uitgespreek deur die punt van die tong teen die harde verhemelte te druk nie. Die tong raak trouens nie die verhemelte nie. Die voorafgaande vokaal word gewoonlik effens verleng, en nasalering vind plaas. Met behulp van fonetiese simbole sal ons enkele gevalle illustreer:

ons /ɔ̃s/

mens /mɛ̃s/

kans /kãs/

U sal opmerk dat in elkeen van hierdie gevalle die n voorafgegaan word deur 'n vokaal wat agter in die mond uitgespreek word, en gevolg word deur 'n s.

2.2.2 Ook voor 'n g (uitgespreek /x/) word dan die n genasaleer:

ongeluk
ongesellig

2.2.3 Na voorvokale word nie genasaleer nie - dus byvoorbeeld nie in die uitdrukking tot siens nie, soos ook in die dialoog van hierdie program verduidelik is.

2.2.4 In die geval van "deftige" woorde of woorde met 'n wetenskaplike konnotasie, word nie genasaleer nie - selfs nie na agtervokale nie.

kuns	brons
ongunstig	lens

3. OEFENINGE

(Antwoorde op bladsy 50)

3.1 Begin die volgende sinne met die woorde tussen hakies.

Ek eet my skaaptjops; dit is myne.	(sy)
Jan is in sy motor (=auto); die motor is syne.	(Annie)
Ons woon in ons eie huis; die huis is ons s'n.	(hulle)
Jy vergeet jou sambreel; dit is joune.	(julle)
Sy soek haar vulpen; dit is hare.	(hy)

3.2 Vul die korrekte vorm in soos deur die woord tussen hakies gesuggereer:

Voorbeeld: Daardie boek is ...... (Jan)
Daardie boek is Jan s'n, of daardie boek is syne.

Daardie handsak is	(Marie)
Daardie bagasie is	(ons)
Daardie paspoort is	(ek)
Daardie motor is	(julle)
Daardie huis is	(Piet)

PROGRAM 9 (NEGE)

TERUG IN JOHANNESBURG

1. WOORDELYS

droë	- droge	mos	- immers
eintlik	- eigenlijk	mynhope	- heuvels van geel zand afkomstig uit de goudmijnen
êrens	- ergens		
fliek	- bioskoop (slang)		
inryteater	- "drive-in"		
jammer (in: "ek is jammer")	- het spijt me	ou, oue	- oude
		ry	- rijden, vertrekken
kar	- auto	stap	- wandelen
kop	- hoofd	swael	- zwavel
kopseer	- hoofdpijn	veral	- vooral
kos	- eten, voedsel	weerlig	- bliksem

2. AANTEKENINGE

2.1 Uitspraak: formele en informele taalgebruik

In woorde soos kinders en hinder sal die d dikwels verdwyn in informele konteks:

Daar's iets wat my hinder. (*hinner)
Sy het kinders (*kinners) soos orrelpype. (Baie kinders, sodat hulle mekaar in grootte opvolg soos die pype van 'n kerkorrel - Afrikaanse idioom.)

In formele konteks sal die d wel uitgespreek word, selfs in dieselfde woord:

Die kinders van God. (met d)
Die politici het onderling verskil.

2.2 Verontskuldigings

Het u al opgemerk hoe dikwels 'n mens in 'n vreemde land dit nodig vind om jou verontskuldigings aan te bied? 'n Mens doen so maklik iets verkeerd!

Hier volg dus 'n paar uitdrukkings wat u baie nuttig sal vind wat in sommige gevalle nogal van die Nederlandse oorstemmende gebruik verskil:-

Ek is jammer	- het spijt me
Ek is regtig jammer	- het spijt me geweldig
Ekskuus? (= Ek kon nie hoor wat jy sê nie)	- pardon?
Ekskuus! (dat ek op jou toon getrap het)	- pardon!
Verskoon my asseblief	- ik moet (even) weg

2.3 Die letter d verdwyn dikwels heeltemal in Afrikaans, of word vervang deur 'n i:-

brede	- breë	(verdwyn)
dode	- dooie	(vervang deur i)

3. OEFENINGE

(Antwoorde op bladsy 50)

3.1 Skryf in Afrikaans:

schouders, wijde, gouden, goede, paden

3.2 Watter Afrikaanse vorm sou u verwag vir die volgende Nederlandse woorde?

lege, lager, vroeger, regen, zegel, leugen, weigeren, getuige.

4. HUISWERK

Ons nooi u hartlik uit om die volgende oefeninge skriftelik te doen en na RADIO R S A te pos. (Adres op bladsy 2.) Ons sal dit graag vir u nagaan en met ons kommentaar na u terugpos.

4.1 Watter Afrikaanse skryfwyse sou u verwag vir die volgende Nederlandse woorde:

duidelijk, mogelijk, prijs, bedrijf, belachelijk, verdachte, schrijven, russisch, journalist, rest, droge, droevige, actieve, lieve, eveneens, opgave, ouders, ogen, kade, raden.

4.2 Herskryf die volgende sinne in die vorm soos aangedui in die voorbeeld:

Dit is my boek - Die boek is myne
Dit is Annie se hoed.
Dit is ons motor.
Dit is julle bagasie.
Dit is sy baadjie.
Dit is hulle eiendom.

4.3 Maak die volgende sinne ontkennend:

Kom jy ooit in Italië?
Pos hierdie huiswerk voor Vrydag.
Hy het sy vriende gereeld besoek.
Hulle het die wedstryd gespeel omdat dit al laat in die seisoen was.
(Drie moontlikhede: eers die eerste bysin, dan die tweede, en ten slotte altwee. Doen dieselfde met die volgende sin.)
Hy het geweet dat dit al laat was.

4.4 Begin die volgende sinne met die woorde tussen hakies:

Hy sê dis koud.	(ons)
Sy lê op die strand.	(hulle)
Ek het dit geweet.	(julle)
Jan praat duidelik.	(ek)
Hulle kan dit nie doen nie.	(Annie)

PROGRAM 10 (TIEN)

IN DIE KOMBUIS

1. WOORDELYS

aardig	- naar, treurig, misselijk	onaardig	- Ndl. onaardig (vgl. aardig)
beursie	- portemonnaie	oulik	- leuk, mooi, knap
blomkool	- bloemkool	pampoen	- pampoen (populêre Afr. groentesoort)
botter	- boter		
aartappels	- aardappelen		
eier (eiers)	- ei (eieren)	pan	- koekepan
ertjies	- erwten	patats	- zoete aardappel
kastrol	- pan		
kombuis	- keuken		
mandjie	- mand	pot	- diepe pan
mandjietjie	- mandje	selde	- zelden
meid	- bediende, lafaard	skottelgoed	- vaat, afwas
		snaaks	- grappig, vreemd
meisie	- meisje	sous	- jus
meisietjie	- klein meisje	sypaadjie	- trottoir, voetpad
nou	- nu	wonder (in: ek wonder)	- ik vraag me af

2. AANTEKENINGE

2.1 In Afrikaans is ons baie meer geneig om die verkleinwoord te gebruik as byvoorbeeld die Nederlanders. Daar is byna geen selfstandige naamwoord waarvan die verkleinwoord nie in algemene gebruik is nie. Soms het selfs die standaardvorm verdwyn en net ŉ verkleinwoord oorgebly, waarvan dan weer op sy beurt ŉ verkleinwoord gemaak word:

ertjie	- ertjietjie
meisie	- meisietjie
mandjie	- mandjietjie

In elk geval verskil die verkleinwoordsuitgang in baie gevalle so baie van die Nederlands dat dit verstandig sal wees om ŉ aantal voorbeelde te gee:

eier	- eiertjie
hond	- hondjie
hout	- houtjie
woord	- woordjie

Oppas vir die uitspraak. Nòg die t of d, nòg die j word gehoor: "eierkie" "houjkie".

2.1.2	pen	- pennetjie	
	bal	- balletjie	
	manel	- manelletjie	
2.1.3	huis	- huisie	
	bars	- barsie	
	patrys	- patrysie	
2.1.4	tak	- takkie	
	taak	- takie	
	lap	- lappie	
2.1.5	ring	- ringetjie	
	ding	- dingetjie	
2.1.6	blad	- blaadjie	
	pad	- paadjie	
	gat	- gaatjie	
2.1.7	riem	- riempie	
	raam	- raampie	
	arm	- armpie	
2.1.8	ma	- ma'tjie	(of mammie)
	pa	- pa'tjie	(of pappie)
	foto	- foto'tjie	
2.1.9	wa	- waentjie	
	nooi	- nooientjie	(= meisie)

2.1.10 woning - woninkie
koning - koninkie
paling - palinkie
tekening - tekeninkie

3. OEFENINGE

(Antwoorde op bladsy 51)

Skryf die verkleinwoorde neer van die volgende:

glas,	skaap,	dorp,	ploeg,	neef,	vul,
wiel,	stem,	kar,	rib,	slang,	draad,
poort,	vat,	besem,	skelm,	heining,	varing,
oom,	mossie				

PROGRAM 11 (ELF)

JOHANNESBURG

1. WOORDELYS

al (in: dis nie al nie)	- 't enige	groen (hulle is nog groen)	- niet rijp
almiskie	- mogelijk	hoekom	- waarom
boeretroos	- Afr. uitdrukking voor koffie	petrol	- benzine
		paraffien	- petroleum
		rooi	- rood
dorp (in: dorp toe)	- binnenstad	ryery	- rondrijden
		soontoe	- daarheen
		stryery) stry)	- woordenwisseling

2. AANTEKENINGE

2.1 Hierdie en daardie

Hierdie woorde word vir die enkelvoud sowel as vir die meervoud gebruik. Dus:

Sien jy hierdie (dit) boek?
Dit is dikker as daardie (gindse) boeke.

2.2 Dorp toe

Geen wonder Babs het in hierdie program probleme ondervind met dorp toe nie! In die eerste plek kan dorp hier verwys na die binnestad, selfs van 'n groot stad soos Johannesburg.

In die tweede plek is die kombinasie dorp toe, of huis toe onbekend in Nederlands.

Eintlik is daar drie maniere waarop 'n mens die begrip in Afrikaans kan uitdruk:

Ek gaan huis toe.
Ek gaan na die huis.
Ek gaan na die huis toe.

In die kombinasies soontoe, hiernatoe, waar die eerste deel nie uit 'n selfstandige naamwoord bestaan nie, word die uitdrukking aanmekaar geskrywe.

3. OEFENINGE

(Antwoorde op bladsy 51)

3.1 Gee die Afrikaanse sinne vir:

Geef me deze vulpen aan.
Zie je die prachtige bomen?
Heb je dit artikel gelezen?
Je moet deze dokumenten niet ondertekenen!
Doe deze deur dicht!

3.2 Gee twee ander moontlikhede vir elkeen van die volgende:

Ons gaan vanmiddag na Johannesburg.
Ek gaan na die plaas.
Moet jy nog na die apteker vanmôre?

PROGRAM 12 (TWAALF)

BY DIE KLEREWINKEL

1. WOORDELYS

aantrek	- aankleden	netnou	- straks
as (in: groter as)	- dan	onderbaadjie	- vest
blou	- blauw	onderhemp	- hemd
dra	- dragen	rok	- jurk
glo	- geloven	vir (in: ek sê vir jou)	- aan
gordel	- ceintuur	voorskoot	- schort
hemp	- overhemd	vyeblaar	- vijgeblad
kruisbande	- bretels		

2. AANTEKENINGE

2.1 Vir, voor

Normaalweg word vir in Afrikaans as 'n ekwivalent vir die Nederlandse voor gebruik in sinne soos:

Ek doen dit vir jou - Ik doe het voor jou.

Soms word ook voor gebruik, wanneer daar van plekaanduiding sprake is.

Ek staan voor jou - Ik sta voor je.

Daar is egter gevalle waar in Afrikaans vir gebruik word, of gebruik kan word, waar in Nederlands geen woord nodig is nie!

Ek sê (vir) jou ... Ik zeg je ...
Sy gee (vir) hom 'n soen ... Ze geeft hem een zoen.

Soms kan die vir nie maklik weggelaat word nie.

Moenie dat ek dit weer vir jou moet sê nie!

2.2 Die Nederlandse -ieuw en -ouw kan ook probleme oplewer:

nieuwe - nuwe
vrouw - vrou

2.3 Die ch in Nederlands verander in sekere gevalle in 'n sj:

brochure - brosjure
charme - sjarme

3. OEFENINGE

(Antwoorde op bladsy 51)

3.1 Gee die Afrikaanse ekwivalente vir:

bevrijden, rauwe, benijden, bloeden, zegel,
leugen, orgel, duizend, leven, skeptisch,
produkt, kracht, nacht, slecht, recept.

3.2 Hoe skryf ons in Afrikaans:

de vrouw, het meisje, het boek, de brochure,
het nieuws, het vijgeblad, het hoofd, het bureau,
het ziekenhuis, de delegatie.

PROGRAM 13 (DERTIEN)

OP DIE PLAAS

1. WOORDELYS

appelkose	- abrikozen	mielies	- maïs
boereplaas	- boerderij	min	- weinig
bokke	- geiten	masjinerie	- machinerie
bottel	- fles	morg	- ongeveer twee hektare
dam	- stuwmeer(tje) (voor irrigatie of drink-water)	nartjies	- manderijnen
		natlei	- irrigatie
		orals	- overal
doringdraad	- prikkeldraad	perskes	- perziken
hanskalf	- kalf dat met de fles gevoed wordt	plaas	- boerderij
		prikkelpop	- "pin-up"
		snags	- 's nachts
inteendeel	- integendeel	trekker	- tractor
kraal	- ringmuur van klipstenen waarbinnen 's nachts het vee staat	vars	- vers
		veld	- wei-landen
		volkies	- werkvolk
		vrugte	- fruit
leivoor	- irrigatiekanaal	waatlemoene	- watermeloenen
lemoene	- sinaasappels	wilgers	- wilgen
mieliepap	- maïspap		

2. AANTEKENINGE

2.1 Ou en oud

Hierdie woorde word in Afrikaans anders as in Nederlands gebruik.

Eers het ons natuurlik die gewone betekenis wat ons in Nederlands ook ken:

Die grysaard is <u>oud</u>; die <u>ou</u> grysaard

Maar as ons in Afrikaans sê: my liewe <u>ou</u> meisie, het ons duidelik met iets anders te doen. Dan kry die woord 'n bybetekenis, 'n soort vertedering - en dit het niks meer met ouderdom te doen nie.

Per slot van rekening kry ons dan nog die woordjie <u>oulik</u>, wat ons reeds behandel het:

Is sy nie 'n <u>oulike</u> kind nie.

Hier kom <u>oulik</u> ooreen met die Nederlandse <u>aardig</u> of <u>knap</u>.

2.2 Dubbel voorsetsels

Hierdie verskynsel is nie heeltemal vreemd aan Nederlands nie. Daar het ons ook die

Ze kruipt onder de tafel door, en
Hij klimt van de tafel af.

Die feit dat hierdie verskynsel eie is aan Nederlands en byvoorbeeld nie op dieselfde manier in ander tale voorkom nie, word duidelik as ons hierdie twee sinne in Engels sou probeer vertaal.

Maar in Afrikaans kom die dubbel voorsetsel baie meer dikwels voor, en op plekke waar ons dit in Nederlands nooit sou gebruik nie:

Hy loop by die deur uit.
Die water loop by die dam uit.
Ek het vandag soveel koffie gedrink - dit kom by my ore uit.

3. OEFENINGE

Hersiening. Ons stel voor dat u hierdie oefeninge vir kommentaar aan ons opstuur. (Adres op bladsy 2)

3.1 Vertaal in Afrikaans:

Zij vergist zich.
Hij schaamt zich.
Wij hebben ons verslapen.
Jan scheert zich.
U vergist U.

3.2 Wat is die ontkennende vorm van:

Daar loop iemand in die tuin.
Draai by die eerste verkeerslig regs.
Hy beweer dat jy gister afwesig was. (Maak slegs die eerste deel ontkennend.)
Ek was al op die Tafelberg.
Het jy al die dokumente onderteken?

(Let wel: die laaste sin laat twee interpretasies en dus twee korrekte antwoorde toe.)

3.3 Hoe skryf ons in Afrikaans:

lezen,	gauw,	zwemmen,	wachten,
begint,	sterven,	vragen,	berichten,
machine,	schouders,	lege,	wezenlijk,
gewricht,	wagen,	blijven,	dragen.

PROGRAM 14 (VEERTIEN)

SPORT

1. WOORDELYS

ander	- ander, andere	maag	- buik
anders	- anders	maagseer	- buikpijn
bring	- brengen	hy lê pens en pootjies in die lug	- ligt totaal machteloos
het gebring	- heeft gebracht	dit maak nie saak nie	- het hindert niet
doel	- doel, "goal"	skaak	- schaken
ŉ drie druk	- punten behalen door de bal achter de doellijn op de grond te drukken (rugby)	soek, gesoek	- zoeken, gezocht
gesels	- praten	span	- "team", ploeg
hoekskop	- "corner" hoekschop	swembaddens	- zwembaden
koop	- kopen	vanweë	- vanwege
gekoop	- gekocht	vat	- grijpen
kuier	- bezoeken	versoek	- verzoeken
laat vat	- weghollen	het versoek	- verzocht
lak	- vastgrijpen zodat de speler de bal niet kan spelen (rugby)	vrotsige	- hopeloze

2. AANTEKENINGE

2.1 ŉ Paar interessante uitdrukkings

In hierdie program is ŉ paar interessante uitdrukkings gebruik wat nie in Nederlands gehoor word nie.

Dit maak nie saak nie - Het hindert niet.
ŉ Drie druk - Punten behalen door met de bal tot achter de doellijn te bewegen en hem daar op de grond te drukken. (Rugby)
Laat vat - Weghollen
Oor koeitjies en kalfies gesels - Gezellig praten.

2.2 Ander en anders

Die woordjie ander kan maklik probleme oplewer, omdat dit in Afrikaans ook vir die meervoud gebruik word.

Dit is ŉ ander saak
Ses van ons vriende het kom kuier, die ander het nie opgedaag nie.

Anders word soos in Nederlands gebruik:

Jy moet hard werk, anders sal jy van honger omkom.

2.3 As

In Nederlands sê ons: beter dan.
In Afrikaans sê ons: hy onthou beter as ek.

3. OEFENINGE

(Antwoorde op bladsy 51)

3.1 Vul in dan of as:

Jy moet eers die skottelgoed was; ... eet ons.
Is jy ... al drie jaar ouer ... ek?
Kan jy ... nie sien dat ek langer ... jy is nie?

3.2 Vul in ander of anders:

Drie soldate het gesneuwel; drie ... is swaar gewond.
Die saak het 'n ... wending geneem.
Groot erwe is natuurlik mooi; aan die ... kant bring dit probleme mee.
Jy sal moet betaal, ... sal die polisie jou in die tronk stop.

3.3 Vul in die geskikste woord uit: gesels, praat, bespreek, spreek, klets.

Hulle het voor die vuur gesit en land en sand aanmekaar ....
Die bure .... alewig oor mekaar.
Hierdie saak is op gister se vergadering indringend ....
Kan jy al goed Afrikaans ....?
Mag ek u 'n paar oomblikke ....?

PROGRAM 15 (VYFTIEN)

ONTBYT BY BABS

1. WOORDELYS

babalaas	- naar gevoel na te veel drinken de vorige avond; kater	kopseer	- hoofdpyn
		moes	- moest
		ŉ ou	- een vent
		party mense	- sommige mensen
grondboontjies	- pinda's	putu	- dikke maïspap
grondboontjiebotter	- pindakaas	rak	- plank, rek
		staan en praat	- staan te praten
konfyt	- jam	toebroodjie	- boterham
		veels te veel	- veel te veel

2. AANTEKENINGE

2.1 Infinitief met en

Die woordjie te in die Nederlandse: Hij staat te praten word in Afrikaans vervang deur en: Hy staan en praat.
So kry ons dus ook: Hy sit en droom
Hy loop en fluit.

2.2 Dit bring ŉ interessante probleem in die verlede tyd mee. Vir die konstruksies wat ons in 2.1 aangehaal het, is daar twee aanvaarbare moontlikhede:

Hy het gesit en droom
Hy het geloop en fluit   OF

Hy het sit en droom
Hy het loop en fluit.

Daar is egter gevalle waar altwee werkwoorde in die verlede tyd ŉ ge kry:

Hy sing en fluit - Hy het gesing en gefluit
Sy vee en stof af - Sy het gevee en afgestof

Dit gebeur in gevalle waar die twee aksies nie gelyktydig kan plaasvind nie: jy kan nie tegelyk sing en fluit nie!

2.3 Daar is ŉ halfdosyn hulpwerkwoorde in Afrikaans waarvan die sterk verlede tyd nog bestaan:

kan	- kon	moet	- moes
wil	- wou	mag	- mog
sal	- sou	is	- was

Die verlede tyd van : Hy kan dit doen
word dus: Hy kon dit doen

Die vorm: Hy kon dit gedoen het bestaan ook, maar dan het dit die ekstra implikasie van: "maar hy het nie."

Die vorm sou kom voor in sinne soos:

Sou jy dit doen in my geval?
Ek sou liewers stilbly as ek jy was!

3. OEFENINGE

(Antwoorde op bladsy 51)

3.1 Gee die verlede tyd van:-

Hy sit en dink.
Sy swem en roei.
Koos lê en slaap.
Dit staan en kook.
Sy bak en brou.

3.2 En ook van:-

Hy moet die werk voor vyfuur afhandel.
Die owerhede wil ingryp.
Dit is 'n heerlike dag.
Hy mag haar net gedurende besoekure sien.
Hy kan as hy maar net wil.

3.3 Kom ons probeer nou hierdie gemengde oefeninge in die verlede tyd:-

Sy werk heeldag.
Hy probeer konsentreer.
Sy moet heeldag werk.
Hy loop en sing.
Dit reën en hael.
Ek hoor die trein aankom.
Ek wil jou graag help maar ek kan nie.
Hy gaan huis toe as die son ondergaan.
(Oppas vir die as)
Sy mag nou huis toe gaan. (Nou?)
Dit reën heeldag in Amsterdam.

PROGRAM 16 (SESTIEN)

TABAK

1. WOORDELYS

bondels	- bundels	nou-nou	- straks (dadelijk)
boonop	- bovendien	ryp	- rijp, nachtvorst
ent	- eind	skuur	- schuur
kêrel	- kerel	verby	- voorbij
klomp	- aantal	vrot	- verrotten
koppies	- heuvels	wêreld	- wereld
netnou	- straks		

2. AANTEKENINGE

Hier is nog 'n klomp verskille tussen die Nederlandse en Afrikaanse spelling:

2.1 x en ks

excellentie - eksellensie

2.2 th en t

theater - teater
methode - metode
theorie - teorie

2.3 ai en ê

elementair - elementêr
primair - primêr

2.4 e en ê

wereld - wêreld
kerel - kêrel

2.5 au en ou of o

auteur - outeur
auditeur - ouditeur

2.6 y en i

systeem - sisteem
cynisch - sinies

3. OEFENINGE

(Antwoorde op bladsy 52)

3.1 Gee die Afrikaanse vorm vir die volgende woorde:

synode,	automatisch,	lexicaal,	theologie,
secondair,	leggen,	liggen,	lauw,
nauwelijks,	typisch,	paradox,	thuis

3.2 Vertaal in Afrikaans:

Hy zat te praten.
Ze moest ons helpen.
Jan durfde niet te gaan.
Marie hoefde niet mee te gaan.
Toen hij dat zag, besloot hij thuis te blijven.

PROGRAM 17 (SEWENTIEN)

'N DIAMANTMYN

1. WOORDELYS

akkerbome	- eikebomen	heelparty	- heel wat
apteek (apteker)	- apotheek	laning	- laan
eikebome	- eikebomen	min	- weinig
gebou	- gebouw	soontoe	- daarheen
hardloop	- hollen, rennen	stasie	- station

2. AANTEKENINGE

2.1 Die histories-teenwoordige tyd

Die onvoltooid verlede tyd het in Afrikaans, met die uitsondering van 'n paar gevalle soos die kan - kon, moes - wees waarna reeds verwys is, geheel en al verdwyn. Dus: Ik bracht word ek het gebring, en: Ik zag word ek het gesien.

In baie gevalle egter waar hierdie vorm in Nederlands gebruik word, maak ons in Afrikaans gebruik van 'n vorm wat soos die teenwoordige tyd lyk, maar wat 'n verlede tyd betekenis het. Dikwels word in so 'n geval die woordjie toe gebruik, of 'n ander tydaanduiding soos gister of verlede week.

Toe ek hom na 'n week weer sien, omhels ek hom.
Verlede week loop ek hom onverwags in die groentewinkel raak.

2.2 Woorde wat in Nederlands in -tion, -age of -tie eindig, het dikwels in Afrikaans die -sie uitgang:

station	- stasie
natie	- nasie
bagage	- bagasie

3. OEFENINGE

(Antwoorde op bladsy 52)

3.1 Herskryf die volgende sinne deur die vorm soos in die voorbeeld te gebruik:

Voorbeeld:

Toe ek die hanskalf gesien het, het ek weggehardloop.
Toe ek die hanskalf sien, hardloop ek weg.

Toe Jan by die winkel ingestap het, het hy sy ou vriend Koos by die toonbank sien staan.
Gister het ek hom toevallig by die lughawe gesien.
Toe hy my verlede week gegroet het, het ek hom skaars herken.
Verlede week het ek onverwags die pakkie uit Nederland ontvang.
Vanmore het hy in die stad in 'n ander motor vasgery.

3.2 Watter Afrikaanse vorm sou u vir die volgende woorde verwag?

gratie, negotie, informatie, produktie, kwestie, conferentie, prestatie.

PROGRAM 18 (AGTIEN)

'N VOLSTRUISPLAAS

1. WOORDELYS

behalwe	- behalve
belowe	- beloven, belpofd
bewoë	- bewogen
dae	- dagen
droë	- droge
eier, eiers	- ei, eieren
lae	- lage
saag, sae	- zaag, zagen
skryf, skrywe	- schrijven
soontoe	- daarheen
vinnig	- vlug, snel
volpunte	- 100%, "een tien"
volstruiseier	- struisvogel-ei
vrae	- vragen
volstruiswyfie	- vrouwelijk van "volstruis"

2. AANTEKENINGE

2.1 Weer die verlede tyd

Sinne met twee werkwoorde het in Afrikaans 'n ander vorm in die verlede tyd as in Nederlands:-

> Ek hoor hom praat
> Ek het hom hoor praat, of
> Ek het hom gehoor praat

Die ge- vorm is nie verpligtend nie, en die neiging in Afrikaans is in elk geval om die ge- nie meer te gebruik nie.

Na behoort en hoef kry ons 'n interessante vorm:

> Hy behoort van beter te weet.
> Hy behoort van beter te geweet het.

> Jy hoef dit nie te doen nie.
> Jy hoef dit nie te gedoen het nie.

2.2 Die vorm van die infinitief is in Afrikaans ook dikwels anders as in Nederlands.

> Ik probeer het te begrijpen -
> Ek probeer dit begryp.
> Ik houd ervan met vrienden te fietsen -
> Ek hou daarvan om met vriende te gaan fietsry
> Zij staat nog te wachten -
> Sy staan nog en wag (Reeds behandel)

3. OEFENINGE

Ons stel voor dat u die antwoorde op hierdie vrae vir kommentaar na ons pos na die adres op bladsy 2 :

3.1 Skryf in die verlede tyd:

> Hy kan dit nie help nie.
> Sy sit heeldag en gesels.
> Koos probeer my help.
> Jy behoort dit maklik te kan doen.
> Die trein staan al en wag.
> Jy hoef nie so verontwaardig te kyk nie.
> Andries bring my dikwels vars vrugte.
> Sy kan as sy wil.
> Ons moet nog vandag die sitkamer skoonmaak.
> Hy gaan huis toe as die son ondergaan.

3.2 Gee 'n aanvaarbare alternatief vir die volgende sinne om, waar moontlik, van die woordjie het ontslae te raak:

> Toe sy die boek gelees het, het sy gewonder of toestande intussen verander het.

Toe Jan gehoor het wat gebeur het, het hy baie ontsteld gelyk.

Toe ek die pasiënt ondersoek het, het ek opgemerk dat die simptome byna verdwyn het.

3.3 Probeer in Afrikaans verduidelik hoe dit gekom het dat u in hierdie radioprogram en kursus begin belangstel het.

PROGRAM 19 (NEGENTIEN)

DIE TUINROETE

1. WOORDELYS

altwee	- beiden	padmakers	- wegenbouwers
brug, brûe) brugge)	- brug, bruggen	prestasies	- prestaties
hawe	- haven	reën, reent	- regen
laer	- lager	saam	- samen
leë	- lege	seël	- zegel
leuen	- leugen	sorg	- zorg
liewe	- lieve	spoorweë	- spoorwegen
môre, more	- morgen	val weg	- beginnen
nuwe	- nieuwe	verdryf, verdrywe	- verdrijven
paaie	- wegen	wa, waens	- wagen, wagens

2. AANTEKENINGE

2.1 Daar is baie gevalle in Afrikaans waar meer as een meervoudsvorm as korrek aanvaar word. Hier volg 'n paar voorbeelde:

idee	- idees, ideë
professor	- professors, professore
doktor	- doktors, doktore
plafon	- plafons, plafonne
beweging	- bewegings, beweginge
rekening	- rekenings, rekeninge
tekening	- tekenings, tekeninge
geweer	- geweers, gewere
bed	- bedde, beddens
vark	- varke, varkens
hotel	- hotels, hotelle
brug	- brugge, brûe

2.1 Soms behels die twee meervoude verskil in betekenis. Byvoorbeeld:

goed:	goeters	(rommel)	goedere	(goederen)
saal:	saals	(zadels)	sale	(zalen)
gas:	gasse	(gassen)	gaste	(gasten)
hoop:	hope	(hopen)	verwagtings	(verwachtingen)
kus:	kusse	(kussen)	kuste	(kusten)

2.3 In die woordelys vind u nog 'n paar ander woorde wat op twee maniere geskryf kan word:

reën, reent
môre, more
verdryf, verdrywe
skryf, skrywe

3. OEFENINGE

(Antwoorde op bladsy 52)

3.1 Kies die gepaste meervoudsvorm vir die volgende sinne:

Sy koester hoë (hope, verwagtings) vir die toekoms.
Boesmans se (mae, mage, maagde) en boude is meer prominent as dié van ander stamme.
Jy moet na jou vader se (rade, raadgewings, raadgewinge) luister.
Die vakansiegangers lê op hulle (rugge, rûe, rûens ruggens) in die son.
Die (rûe, ruggens, rugge, rûens) is dig met inheemse bosse begroei. (= Heuwelreekse)
Die jong seun is deur slegte (maats, mate, maters) verlei.
Die kleremaker het sy (maats, mate, maters) geneem.

3.2 Gee die meervoud van die volgende woorde:

aanbod,	alibi,	amp,	arm,
bedrag,	bedrog,	bioloog,	Boesman,
buurman,	buro,	eggo,	erf,
film,	gebod,	gerief,	getuie,
glas,	hemp,	hoef,	kalf,
mark,	kors,	kuns,	lyf,
massa,	nooi,	pad,	ploeg,
roer, (=geweer)		skyf	straf,
veldslag,	vlag		

PROGRAM 20 (TWINTIG)

KAAPSTAD

1. WOORDELYS

aanlê	- aanleggen	moeg	- moe
asem	- adem	niks	- niets
bestuurder	- chauffeur	plekke	- plaatsen
bo-op	- bovenop	Jan se	- Jans (vgl. aantekeninge)
drywer	- chauffeur		
gawe	- gave	skep	- scheppen
gee	- geven	trek	- trekken (ook verhuizen)
gou	- gauw		
halfpad	- halverwege		
kwaai	- sterk, streng	vars	- vers

2. AANTEKENINGE

2.1 Meer oor die besitlike vorm

Jans boek - Jan se boek.

De gewoonte van de Hottentotten - Die Hottentotte se gewoonte.

Selfs die vroulike vorm verander nie: Annie se boek.

2.2 Die persoonlike voornaamwoord

Die vereenvoudiging in Afrikaans is iets waaraan die Nederlander moeilik aan gewoond kan raak:

Ik zie ze staan	- Ek sien <u>hulle</u> staan.
Hij schaamt zich	- Hy skaam <u>hom</u>.
Hij kent me goed	- Hy ken <u>my</u> goed.
Jan praat met hem	- Jan praat met <u>hom</u>.

Kortom, dis net nodig om die volgende vorme te ken en te gebruik:

ek	- my	ons	- ons
jy	- jou	julle	- julle
hy	- hom	hulle	- hulle
sy	- haar	u	- u

3. OEFENINGE

(Antwoorde op bladsy 53)

3.1 Vul die korrekte besitlike vorm in soos in die voorbeeld:

Voorbeeld:

Gee my .... boek aan (Jan)
Gee my Jan se boek aan.

Is dit .... reënjas	(jy)
Daardie vulpen is	(Jan)
Gee .... sakmes vir my terug. Dis	(ek)
Dis .... bagasie. Die bagasie is	(hulle)
Dink jy hierdie beursie is werklik ....?	(hy)
Gee .... potlood terug; dit is mos	(sy)
Daardie handskrif is beslis nie .... nie.	(ek)
Dit lyk ook nie soos .... nie	(jou)
Meneer, is daardie tas ....?	(u)
Was dit vroeër die .... gewoonte?	(Boesmans)

PROGRAM 21 (EEN EN TWINTIG)

KAAPSTAD (VERVOLG)

1. WOORDELYS

blankes	- blanken	maklik	- gemakkelijk
boer (snw)	- boer	min	- weinig
boer (ww)	- boerderij bedrijven	moontlik	- mogelijk
		oor	- over
dagga	- marihuana	oorbly	- overblijven
deur	- door	oribi	- kleine soort antilope
erf	- erven		
hiernatoe	- hierheen	raai	- raden
karos	- soort deken van vellen gemaakt	slawe	- slaven
		veral	- vooral
		wat	- (hier) dat (vgl. ook aantekeninge)
kierie	- stok		
kombers	- deken		

2. AANTEKENINGE

2.1 Die betreklike voornaamwoord

Die gebruik van die betreklike voornaamwoord verskil in Afrikaans baie van die Nederlandse. Ons illustreer hier 'n aantal gevalle:

2.1.1 Sonder voorsetsel

Slegs die woordjie <u>wat</u> word gebruik, ongeag of na

persone of dinge verwys word:

Hy is die man wat my te woord gestaan het.
Is dit die dame wat jy in Johannesburg ontmoet het?
Jan sit op die stoel wat hy gister gekoop het.

2.1.2 Met voorsetsel

Vir persone:

Sy is die dame aan wie jy so 'n mooi brief geskryf het.
Is dit die persoon met wie jy gister so lank gesels het?

Vir dinge:

Leen my die mes waarmee jy die biltong gekerf het.
Is dit die koerant waarin jy dit gelees het?

2.2 Hy

Kyk na die volgende interessante gevalle:

Maak toe daardie deur. Hy staan al lankal oop.
Of:
Dit staan al lankal oop.

Gee my asseblief daardie klein skroefie aan.
Ek het hom nodig.
Of:
Ek het dit nodig.

U sal opmerk dat ons in Afrikaans hy, hom, òf dit kan gebruik om na iets te verwys wat reeds genoem is. In verreweg die meeste gevalle word die manlike vorm hy/hom gebruik, afgesien van wat die geslag van die woord oorspronklik mag gewees het.

Slegs in gevalle waar heeltemal sonder twyfel na die vroulike geslag verwys word, word die vroulike vorm gebruik.

Ek ken daardie meisie. Sy woon nie ver van ons af nie.

3. OEFENINGE

(Antwoorde op bladsy 53)

3.1 Vul gepaste betreklike voornaamwoorde in, met of sonder voorsetsel:

Ons het die artikels ontvang .... ons bestel het.
Sy is 'n dame .... 'n mens maklik kan klaarkom.
Is sy die sekretaresse .... u onlangs aangestel het?
Die stoel .... jy sit, is nie baie stewig nie.

Hy is 'n man .... sy personeel regverdig behandel.

3.2 Gee die Afrikaanse ekwivalente van die volgende woorde:

schemering, grijsaard, voorzichtig,
mysterie, tenzij, gezicht,
schichtig, lachen, dozijn
kachel.

PROGRAM 22 (TWEE-EN-TWINTIG)

KAAPSTAD (VERVOLG)

1. WOORDELYS

assosiasie	- associatie	simboliese	- symbolische
doringagtige	- doornachtige	skeie	- (= jukskeie)
haar	- rechts	skof	- schoft van een os
hot	- links	span	- ingespannen ossen
jukskei	- stuk hout dat door het juk komt links en rechts van de nek van een os.	stadig	- langzaam
		strop	- riem onder de nek van de os
		suikerbos	- protea
jukskei	- sportsoort	swaarkry	- het zwaar te verduren hebben
laer	- lager		
madeliefies	- madeliefjes		
oggend	- ochtend	tuiste	- tehuis
ossewa	- ossewagen	varkore	- Ääronskelk
populêr	- populair	vygies	- vetplantjies
romantiese	- romantische	wys	- laten zien
rowers	- rovers		

2. AANTEKENINGE

2.1 'n Interessante verskynsel in Afrikaans is die gebruik van voel-voel, fluit-fluit:

Hy het voel-voel in die donker aangesukkel.
Dis posbode het fluit-fluit langs die straat afgestap.

Dit beteken dus dat hy voortdurend om hom heen moes voel in die donker om sy weg te vind. Die posbode het al fluitende langs die straat gestap.

2.2 Daar het in Afrikaans nog 'n aantal uitdrukkings oorgebly wat nog tweede en derde naamvalle uit 'n vroeër eeu bevat:

kind des doods
brood der smarte
byderhand
desnoods
eersdaags
enigsins
hedendaags
inderdaad
in der waarheid
op heter daad
mettertyd
met voorbedagte rade
ter elfder ure
tot vervelens toe

3. OEFENINGE

Ons meen dat u teen hierdie tyd reeds genoeg Afrikaans geleer het om u pen aan kreatiewe skryfwerk te waag. Ons nooi u dus uit om 'n paar paragrawe oor een of meer van die volgende onderwerpe te skryf en na ons te pos om te laat nasien. Ons pos dit met ons kommentaar aan u terug. U vind ons adres op bladsy 2.

Die dierelewe in Suid-Afrika.
Besienswaardighede in Suid-Afrika.
Taalverskille wat my opgeval het, en wat nie ter sprake gekom het nie.

PROGRAM 23 (DRIE-EN-TWINTIG)

TERUG IN JOHANNESBURG

1. WOORDELYS

aardbewinkie	- kleine aardbeving
almal	- allemaal
besondere	- bijzondere
effense	- nauwelijks merkbare
Fanakalo	- lingua franca van de mijnen in Zuid-Afrika
gereeld	- geregeld
kaalvoet	- blote voeten
klomp	- groep, aantal
lankal	- al lang
man, manne, mans	- man, mannen
mekaar	- elkaar
orals	- overal
oulik	- aardig
solank	- zolang
stad, stede	- stad, steden
stat, statte	- groep hutten van inboorlingen gemeenschap
stamdanse	- traditionele inboorlingdansen
weghou	- weghouden

2. AANTEKENINGE

2.1 Dialekte in Afrikaans

ŉ Mens sou verwag dat oor so ŉ uitgestrekte gebied waar Afrikaans gepraat word, baie dialekte sou voorkom. Tog is dit nie die geval nie. In Nederland en België kan dit maklik gebeur dat mense uit verskillende streke mekaar amper nie kan verstaan nie. In Suid-Afrika bestaan daar wel streekverskille waarvan ŉ deeglike studie gemaak word, maar oor die algemeen is die verskille maar klein.

2.2 Er en daar

Er wordt verteld. Daar word vertel.

U sal opmerk dat in Afrikaans daar gebruik word in plaas van er, en dat die werkwoord word nooit ŉ t kry nie. Hierdie gebruik van daar is nie slegs tot die passief beperk nie:

Er was eens .... Daar was eendag ....

2.3 Om te

Die volgende sinne illustreer verskille in die gebruik van die infinitief:

Ek weet nie wat om te doen nie.
Dit is moeilik om te doen.

3. OEFENINGE

(Antwoorde op bladsy 53)

3.1 Skryf in Afrikaans:

Er kwam een sterke wind op.
Er wordt over nagedacht.
Er zijn veel leerlingen afwezig.
Hy weet er niet veel van.
Er staat een fles op tafel.

3.2 Hersieningsoefening

Maak die volgende sinne (of slegs die onderstreepte dele daarvan) ontkennend:

Hy weet dat die bedrag oor twee weke betaal moet word.
Dink aan al die gevare!
Dit het verlede week kwaai gereën.
Daar is iemand in die gang.
Sy het gesê dat die raadstukke gepos is.

PROGRAM 24 (VIER-EN-TWINTIG)

VENDA

1. WOORDELYS

outoriteit	- autoriteit	neweproduk	- nevenprodukt
besigheid	- zaken	oorlewering	- oorlevering
boabab	- boomsoort	opdraand)	- steile helling
boomvarings	- boomvarens	opdraandes)	- (meervoud)
eg	- echt	rusplek	- rustplaats
glo	- geloven	saamkom	- meekomen
goeie	- goede	sag	- zacht
jong, jonk	- jong	stap	- wandelen
kwaai	- erg, streng	sang	- zang
lang, lank	- lang	tee	- thee
netso	- even zo	vakansie	- vakantie
neute	- noten		

2. AANTEKENINGE

2.1 Jong, jonk

In Afrikaans word sekere byvoeglike naamwoorde wat in -ng eindig, op 'n ander manier as in Nederlands verbuig:

'n Jong man. Die man is jonk.
'n Lang paal. Die paal is lank.

Maar:

'n Bang soldaat. Die soldaat is bang.

Let wel: soos in Nederlands sê ons die bange nag. Hierdie -e uitgang word gebruik om aan te dui dat dit nie dīe nag is wat bang is nie, maar die spreker.

2.2 Nog 'n paar voorbeelde van verskille in die verbuiging van die byvoeglike naamwoord:

Sy stem is grof. Sy growwe stem.
My been is styf. My stywe been.
Die diertjie is sku. 'n Skuwe diertjie.
Sy hoed is nuut. Sy nuwe hoed.

Uit die oefeninge wat sal volg, sal u nog 'n klompie interessante voorbeelde aanleer.

3. OEFENINGE

(Antwoorde op bladsy 54)

Gee die verboë vorm van die volgende byvoeglike naamwoorde

soos in die voorbeeld:

Die som is maklik. Die maklike som.

Die soldaat is ru.
Die vrou is doof.
Die liggie is dof.
Daardie kêrel is gaaf.
Jou hoed is skeef.
Die streek is ruig.
Die esel is traag.
Die bottel is leeg.
Die stoel is lendelam.
Die vel is skurf.

PROGRAM 25 (VYF EN TWINTIG)

VENDA (VERVOLG)

1. WOORDELYS

afgelewer	- afgeleverd
agter	- achter
bly	- blijven
bobbejaan-spinnekop	- reuzenspin die men in Zuid-Afrika aantreft
bymekaar	- bij elkaar
dromme	- trommels
geniet	- genieten, genoten
groterig	- tamelijk groot
heeltemal	- helemaal
hubare	- huwbare
karakoelwol	- wol afkomstig van het Karakoelschaap: erg duur
mamba	- gevaarlijke Zuid-afrikaanse slang
matte	- kleden of matten
mos	- immers
present	- geschenk
reëlings	- regelingen
regop	- rechtop
ritmiese	- ritmische
skitter	- schitteren
tapyte	- kleden
vrae	- vragen
vragmotor	- vrachtauto
voorreg	- voorrecht
wys	- laten zien

2. AANTEKENINGE

2.1 Die verlede deelwoord

Omdat die Nederlandse sterk verlede deelwoord in die meeste gevalle in Afrikaans verdwyn het, lewer die gebruik daarvan in Afrikaans soms ernstige probleme op.

ŉ Mens kan hier natuurlik nie ŉ volledige lys verskaf nie; maar ŉ aantal frekwente en daarby lastige gevalle

kan tog wel by wyse van illustrasie hier genoem word:

gebracht	gebring
gebroken	gebreek
gezocht	gesoek
gezeten	gesit
gegeten	geëet
genomen	geneem
gegoten	gegiet
gebogen	gebuig
gekozen	gekies
gegeven	gegee
gezwommen	geswem
gezongen	gesing
geschreven	geskryf

Tog behoort hierdie aansienlike verskille die student nie af te skrik nie. In die meeste gevalle kan 'n mens op die volgende manier te werk gaan om nogal naby die korrekte vorm in Afrikaans uit te kom:

1. Neem die eerste persoon enkelvoud van die teenwoordige tyd van die werkwoord.

   Dus (Ik) breek
   (Ik) zoek
   zit
   neem
   schrijf

2. Pas die spelwysigings toe wat u reeds in hierdie handleiding geleer het:

   breek, <u>s</u>oek, <u>s</u>it, neem, <u>skry</u>f

3. Voeg die <u>ge</u>- by:

   gebreek, gesoek, gesit, geneem, geskryf.

3. <u>OEFENINGE</u>

(Antwoorde op bladsy 54)

Pas nou hierdie reëls toe om die Afrikaanse ekwivalente van die volgende verlede deelwoorde te vind:

gezeten, geschopt, gescheurt, gekrompen,
gegleden, gekeken, gebleven, gericht,
gewogen, gegrepen

PROGRAM 26 (SES EN TWINTIG)

'N NUWE WONING

1. WOORDELYS

besig	- druk	miskien	- mischien
dink	- denk	ooreenkom	- overeen-komen
eers	- eerst, pas	paaiement	- betaling
effense	- haast niet merkbare	saampiekel	- iets of iemand met moeite mee-nemen
hokaai	- uitroep om ossen tot stilstand te brengen	saamry	- meerijden
kiepersol	- inheemse boomsoort	skuinste	- glooiing
klaar	- helemaal	sny	- snijden
langsaan	- hiernaast	tuinjong	- tuinman
		tipies	- typisch
		woonstel	- flat

2. AANTEKENINGE

2.1 Daar is so 'n paar manlike en vroulike vorme wat dalk (= miskien) probleme sal gee:

jongetjie	-	meisie
baas	-	nooi
hings	-	merrie
kêrel	-	nooi
wewenaar	-	weduwee
oupa	-	ouma
klonkie	-	kleinmeidjie (jongen en meisje (Zwarten)
boetie	-	sussie
seun	-	dogter of meisie (jongen en meisje)

2.2 Vergelyking

Let op die Afrikaanse gebruik:

Hy is so groot soos Jan.
Hy is groter as Jan.

2.3 Oppas vir die volgende:

skeef	-	skewer	laf	-	lawwer
styf	-	stywer	grof	-	growwer
moeg	-	moeër	laag	-	laer
hoog	-	hoër	leeg	-	leër

3. <u>OEFENINGE</u>

(Antwoorde op bladsy 54)

3.1 Kyk na die voorbeeld. Doen dieselfde met die aanduidings wat daarop volg:

Jan, Piet, groot: Jan is groter as Piet
Jan is so groot soos Piet.

Oom Piet, oom Jan, doof.
Hierdie wyn, daardie wyn, droog.
Kerslig, elektriese lig, dof.
My been, jou been, styf.
Haar hoed, my hoed, nuut.

4. <u>'N LAASTE OEFENING</u>

Ons nooi u uit om 'n brief aan ons in Afrikaans te rig waarin u kommentaar lewer oor die kwaliteit van die programmareeks en kursus, of suggereer hoe die program verbeter sou kon word. Pos dit aan die adres op bladsy 2. Nie net sal ons u brief nasien nie, maar ook graag reageer op u terugvoer!

Ons hoop u het hierdie blootstelling aan Afrikaans geniet.

ANTWOORDE OP CEFENINGE

PROGRAM 1, bladsy 5.

4.1 Dit is 'n toring.
Hier lê 'n klip.
Dit is 'n boom.
Daar is die boek.
Hier is die man.
Daar lê die kind.

4.2 Hy is siek, ek is siek, jy is siek, u is siek, hulle is siek, sy is siek, julle is siek, ons is siek.

4.3 Eintlik is dit baie warm.
Hulle glo dit glad nie.
Dit lyk soos 'n toring.
Dit reën (reent) hier baie.
Dit sê 'n mens nie.
Dit lê op die tafel.
Jy moet fluks wees.

PROGRAM 2, bladsy 7

4.1 'n Mens behoort jou elke oggend te skeer.
'n Mens behoort jou selde te vergis.
'n Mens behoort jou nooit te vererg nie.
'n Mens behoort jou goed te gedra.
'n Mens behoort jou nie daaraan te steur nie.

4.2 Skaam, skepe, skep, skaars, skeef, skerm, skaap.

PROGRAM 3, bladsy 9

3.1 Dit reën nie.
Dit reën nie hard nie.
Het jy niks gesien nie?
Die leeu het nie 'n bokkie gevang nie.
Die vlakvarke loop nie in die ruskamp rond nie.
Sy slaap nie.
Het jy niemand in die winkel gesien nie?
Was u nog nooit in die Krugerwildtuin nie?

PROGRAM 4, bladsy 11

3.1 Moenie die botter op die brood smeer nie!
Moenie die hek toemaak nie!
Moet asseblief nie die venster oopmaak nie!
Moenie my die boerewors bring nie!
Moet liewer (liefs) nie die deur toesluit nie!

3.2 Skerp skottel mas skande
las skat res
moes oos beskuit

PROGRAM 5, bladsy 13

4.1 Sal Oom vandag nog dorp toe ry?
Was Tannie al voorheen in Kaapstad?
Mag ek Pa se skeermes leen?
Is dit Oom se sambreel?
Wanneer gaan Ma weer beskuit bak?

4.2 Hulle het seker weer vergeet.
Sy borsel gereeld haar tande.
Hy vergis hom nie.
Ek is dit gewoond.
Julle eet te min.

PROGRAM 6, bladsy 15

4. Sy het haar na die partytjie lelik verslaap.
Hulle steur hulle eenvoudig nie daaraan nie.
Ons verheug ons daaroor.
'n Mens moet jou nie ooreet nie.
Hy verbeel hom hy is slim.

PROGRAM 7, bladsy 16

3. Sekere opgawe swaar elektries onmoontlik
huise seën seël reël hael
bewe lees histories gesag weë

PROGRAM 8, bladsy 18

3.1 Sy eet haar skaaptjops; dit is hare.
Annie is in haar motor; die motor is hare.
Hulle woon in hulle eie huis; die huis is hulle s'n.
Julle vergeet julle sambreel (sambrele); dit is julle s'n.
Hy soek sy vulpen; dit is syne.

3.2 Marie s'n, of hare
ons s'n
myne
julle s'n
Piet s'n

PROGRAM 9, bladsy 20

3.1 skouers wye goue goeie paaie

3.2 leë laer vroeër reën seël
leuen weier getuie

PROGRAM 10, blasdy 23

3. glasie, skapie, dorpie, ploegie, nefie, vulletjie, wieletjie, stemmetjie, karretjie, ribbetjie, slangetjie, draadjie, poortjie, vaatjie, besempie, skelmpie, heininkie, varinkie, oompie, mossietjie

PROGRAM 11, bladsy 24

3.1 Gee my hierdie vulpen aan.
Sien jy daardie pragtige bome?
Het jy hierdie artikel gelees?
Jy moet hierdie dokumente nie onderteken nie!
(OF Moenie hierdie ...)
Maak hierdie deur toe!

3.2 Ons gaan vanmiddag Johannesburg toe.
Ons gaan vanmiddag na Johannesburg toe.
Ek gaan plaas toe.
Ek gaan na die plaas toe.
Moet jy nog apteker toe vanmôre?
Moet jy nog na die apteker toe vanmôre?

PROGRAM 12, bladsy 25

3.1

3.1	bevry	rou	beny	bloei	seël
	leuen	orrel	duisend	lewe	skepties
	produk	krag	nag	sleg	resep

3.2 die vrou, die meisie, die boek, die brosjure, die nuus, die vyeblaar, die kop, die kantoor, die hospitaal, die delegasie

PROGRAM 14, bladsy 29

3.1 dan
dan, as
dan, as

3.2 ander
ander
ander
anders

3.3 gesels
klets
bespreek
praat
spreek

PROGRAM 15, bladsy 31

3.1 Hy het (ge)sit en dink.
Sy het geswem en geroei.

Koos het (ge)lê en slaap.
Dit het (ge)staan en kook.
Sy het gebak en gebrou.

3.2 Hy moes die werk voor vyfuur afhandel.
Die owerhede wou ingryp.
Dit was 'n heerlike dag.
Hy mog haar net gedurende besoekure sien.
Hy kon as hy maar net wou.

3.3 Sy het heeldag gewerk.
Hy het probeer konsentreer.
Sy moes heeldag werk.
Hy het (ge)loop en sing.
Dit het gereën en gehael.
Ek het die trein hoor aankom.
Ek wou graag help maar ek kon nie.
Hy het huis toe gegaan toe die son ondergaan.
of: ondergegaan het.
Sy mog toe huis toe gaan.
Dit het heeldag in Amsterdam gereën.

PROGRAM 16, bladsy 33

3.1

sinode	outomaties	leksikaal	teologie
sekondêr	lê	lê	lou
nouliks	tipies	paradoks	tuis

3.2 Hy het (ge)sit en praat.
Sy moes ons help.
Jan het nie durf gaan nie.
Marie hoef nie saam te gegaan het nie.
Toe hy dit sien, besluit hy om tuis te bly.

PROGRAM 17, bladsy 34

3.1 Toe Jan by die winkel instap, sien hy sy ou vriend Koos by die toonbank staan.
Gister sien ek hom toevallig by die lughawe.
Toe hy my verlede week groet, herken ek hom skaars.
Verlede week ontvang ek onverwags die pakkie uit Nederland.
Vanmore ry hy in die stad in 'n ander motor vas.

3.2

Grasie	negosie	informasie	produksie
kwessie	konferensie	prestasie	

PROGRAM 19, bladsy 37

3.1 Verwagtings; mae of mage; raadgewing of raadgewings; rugge of rûe; ruggens of rûens; maats of maters; mate.

3.2	aanbiedinge	alíbi's	ampte	arms
	bedrae	bedrieërye	bioloë	Boesmans
	bure	buro's	eggo's	erwe
	films	gebooie	geriewe	getuies
	glase	hemde	hoewe	kalwers
	markte	korste	kunste	lywe
	massas	nooiens	paaie	ploeë
	roers		skywe	strawwe
	veldslae	vlae		

PROGRAM 19, bladsy 37

jou
Jan s'n
my, myne
hulle, hulle s'n
syne
haar, haar, hare
myne
joune
u s'n
Boesmans se

PROGRAM 21, bladsy 40

3.1 wat
met wie
wat
waarop
wat

3.2	skemering	grysaard	versigtig
	misterie	tensy	gesig
	skigtig	lag	dosyn
	kaggel		

PROGRAM 23, bladsy 43

3.1 Daar het 'n sterk wind opgekom.
Daar word oor nagedink.
Daar is baie leerlinge afwesig.
Hy weet daar nie baie (veel) van nie.
(OF: Hy weet nie veel daarvan nie).
Daar staan 'n bottel op die tafel.

3.2 Hy weet nie dat die bedrag oor twee weke betaal moet word nie.
Moenie aan al die gevare dink nie!
Dit het nie verlede week kwaai gereën nie.
(OF: Dit het verlede week nie kwaai gereën nie.)
Daar is niemand in die gang nie.
Sy het nie gesê dat die raadstukke gepos is nie.

PROGRAM 24, bladsy 45

3. Ruwe, dowe, dowwe, gawe, skewe, tuie, trae, leë, lendelam, skurwe.

PROGRAM 25, bladsy 46

3.	Gesit	geskop	geskeur	gekrimp
	gegly	gekyk	gebly	gerig
	geweeg	gegryp		

PROGRAM 26, bladsy 48

3.1 Oom Piet is dower as oom Jan.
Hierdie wyn is droër as daardie wyn.
Kerslig is dowwer as elektriese lig.
My been is stywer as jou been.
Haar hoed is nuwer as my hoed.

Oom Piet is so doof soos oom Jan.
Hierdie wyn is so droog soos daardie wyn.
Kerslig is so dof soos elektriese lig.
My been is so styf soos jou been.
Haar hoed is so nuut soos my hoed.

WOORDELYS

Hierdie lys bevat al die woorde in die 26 programme wat na die oordeel van die opsteller moontlik probleme kan oplewer. Die Nederlandse ekwivalente is beperk tot dié wat in die konteks van die dialoë toepaslik is.

A

aand - avond
aanlê - aanleggen
aansoek - sollicitatie
aardbewinkie - kleine aardbeving
aardig - naar, droevig
aartappels - aardappelen
afgelewer - afgeleverd
agter - achter
akkerbome - eikebomen
al - het enige
(in:dis nie al nie)
almal - allemaal
almiskie - mogelijk
altwee - beiden
amper - bijna
ander - ander, anderen
anders - anders
appelkose - abrikozen
apteek
apteker - apotheker
as - als
asem - adem
asseblief - alsjeblieft
assosiasie - associatie

B

baadjie - jasje
baas - chef
babalaas - naar gevoel de ochtend na een fuif, kater
baie - veel, erg
(baie dankie) - dank u zeer
bees - koe of os
beesvleis - rundvlees
behalwe - behalve
belowe - beloven
besig - bezig, druk
besigheid - zaak, zaken (doen)
besondere - bijzondere
bestuurder - chauffeur
beursie - portemonnaie
bewoë - bewogen
bietjie - weinig, even, beetje
blankes - blanken
blomkool - bloemkool
blou - blauw
bo - boven
boabab - inheemse boom
boereplaas - boerderij
boeretroos - koffie
boerewors - boerenworst (Z.A. speciali-teit)
bobbejaan - baviaan
bobbejaan-spinnekop - reuzenspin
bokke - antilopen, geiten
bondels - bundels
boomvarings - boomvarens
boonop - bovendien
bo-op - bovenop
bosveld - bosachtige streek in Noord- en Oost- Transvaal
bottel - fles
botter - boter
braaivleis - barbecue
bring - brengen
brug, brûe, brugge - brug, bruggen
bymekaar - bij elkaar

D

daardie - die, gindse
dae - dagen
dagga - marihuana
dam - stuwmeer(tje) (voor irrigatie)
darem - (tussenwerpsel) toch
deur - door
die - de, het
dink - denken
dis (dit + is) - het is

doel	"goal"
doringagtig	doornachtig
dorp	dorp, stad
dorp toe	naar de binnenstad
dra	dragen
'n drie druk	punten aantekenen door de bal achter de doellijn op de grond te drukken (rugby)
droë	droge
dromme	trommels
drywer	chauffeur

E

eers	eerst, pas
effense	nauwelijks merkbaar
eg	echt
eier, eiers	ei, eieren
eikebome	eikebomen
eintlik	eigenlijk
ent	eind
êrens	ergens
erf, erwe	erf, erven, grond
ertjies	erwten

F

Fanakalo	lingua franca voor de mijnen in Z. Afrika
fliek	bioscoop (slang)
fluks	flink

G

	-
gawe	gave
gebou	gebouw
gee	geven
geniet	genieten, genoten
gereeld	geregeld
gesels	gezellig praten
gesondheid	gezondheid
gewoond	gewend
glad nie	helemaal niet
glo	geloven
goeie	goede
gordel	ceintuur
gou	gauw
(nog) groen	nog niet rijp
grondboontjies	pinda's
grondboontjie-botter	pindakaas
groterig	nogal groot

H

haainette	stalen netten om haaien van het strand te houden
haar	rechts
halfpad	halverwege
hanskalf	kalf dat met de fles grootgemaakt is
hardloop	hollen, draven
hare	van haar
hawe	haven
heeldag	de hele dag
heelparty	een flink aantal
heeltemal	helemaal
hemp, hemde	overhemd
hierdie	deze
hiernatoe	hierheen
hoekom	waarom
hoekskop	"corner", hoekschop
hoëveld	hoogvlakte
hokaai	uitroep om ossen tot stilstand te brengen
hot	links
hubare	huwbaar
hulle	zij
hulle s'n	van hun

I

inryteater	openlucht bioscoop
inteendeel	integendeel
is	is, zijn, ben, bent

J

jakkals	vos
jammer	pardon
(ek is jammer)	het spijt me
jong, jonk	jong
joune	van jou
jukskei	houten pen door het juk
julle s'n	van jullie

K

kaalvoet	blote voeten
kameelperd	giraffe

kantoor	bureau
karakoelwol	wol van het karakoelschaap
kar	auto, wagen
karos	deken van leer
kastrol	pan
kêrel	vent
kiepersol	inheemse boom
kierie	stok
kla	klagen
klippe	stenen
klomp	aantal
kombers	deken
kombuis	keuken
konfyt	jam
kop	hoofd
koppie	heuvel
kopseer	hoofdpijn
kos	eten, kost
kotelette	karbonaden
kraal	ringmuur waarbinnen het vee de nacht doorbrengt
kruisbande	bretels
kuier	bezoeken
kus	kust; kus
kwaai	erg, streng

L

laat vat	vertrekken
lae	lage
laer	lager
lak	een speler vastgrijpen zodat hij de bal niet kan spelen (rugby)
lang, lank	lang
langsaan	hiernaast
lankal	al lang
laning	laan
lê	liggen, leggen
leë	lege
leivoor	irrigatiekanaal
lekker	bonbon, snoepje
lemoene	sinaasappel
leuen	leugen
liewe	lieve
liewers	liever
luiperd	luipaard
lyk (soos)	lijkt op

M

Ma	Moe
maag	buik
maagseer	buikpijn
madeliefies	madeliefjes
maklik	gemakkelijk
mamba	slangsoort
man, mans, manne	man, mannen
mandjie	mand
mandjietjie	mandje
masjinerie	machine
matte	kleden, matten
meid	bediende
meisie	meisje
meisietjie	klein meisje
mekaar	elkaar
'n mens	men
mieliepap	maïspap
mielies	maïs
min	weinig
miskien	misschien
moeg	moe
moenie	Je, u moet/mag niet, jullie moeten niet
moes	moest
moontlik	mogelijk
more, môre	morgen
morg	oppervlaktemaat
mos	immers
my	mij, me
myne	van mij
mynhope	mijnhopen

N

'n	een
nagereg	pudding
nartjies	mandarijnen
natlei	irrigeren
neef	(aanspreekvorm)
netnou	straks
netso	net als
neute	noten
neweproduk	nevenprodukt
nie	niet
niggie	nicht
niks	niets
nou	nu
nou-nou	binnen een ogenblik, straks
nuwe	nieuwe

O

oë	ogen
oggend	ochtend
onderbaadjie	vest
onderhemp	hemd

ons	-	ons	
ons s'n	-	van ons	
oom	-	(aanspreek-vorm)	
oor	-	over	
oorbly	-	overblijven	
ooreenkom	-	overeenkomen	
oorlewering	-	overlevering	
opdraand	-	omhoog	
orals	-	overal	
oribi	-	kleine antilopensoort	
ossewa	-	ossewagen	
ou, oue	-	oud	
'n ou	-	een vent	
oulik	-	aardig	
outoriteit	-	autoriteit	

P

paaiement	-	betaling
pad, paaie	-	weg, wegen
padmakers	-	wegenbouwer
pampoen	-	pampoen (Z.A. groente)
pan	-	koekepan
paraffien	-	petroleum
party	-	sommige
patats	-	patats (zoete aardappelen)
perskes	-	perziken
petrol	-	benzine
piesang	-	banaan
plaas	-	boerderij
plek, plekke	-	plaats, plaatsen
plesier	-	plezier
poeding	-	pudding
populêr	-	populair
pot	-	diepe pan
present	-	cadeau, geschenk
prestasie	-	prestatie
prikkelpop	-	"pin-up"
putu	-	dikke maïspap

R

raai	-	raden
raaksien	-	opmerken
rak	-	rek, plank
reëlings	-	regelingen
reën, reent	-	regen
reg	-	recht
regop	-	rechtop
reguit	-	rechtuit
ritmies	-	ritmisch
romantiese	-	romantisch
rondawel	-	rond huisje met rieten dak
rok	-	jurk
rooibok	-	impala
roosterbrood	-	toost
rowers	-	rovers
rusplek	-	rustplaats
ry	-	rijden
ryery	-	rondrijden
ryp	-	rijp, nachtvorst

S

saag, sae	-	zaag, zagen
saak	-	zaak
(dit maak nie saak nie)		(het hindert niet)
saam	-	mee
saamkom	-	meekomen
saampiekel	-	mee moeten nemen
saamry	-	meerijden
sag	-	zacht
sambok	-	zweep
sambreel	-	paraplu
sang	-	zang
sê	-	zeggen
seekoei	-	nijlpaard
seël	-	zegel
selde	-	zelden
simboliese	-	symbolische
sjerrie	-	sherry
skaak	-	schaken
skaam	-	schamen
skaaptjops	-	schapekarbonade
skaars	-	schaars
skeie	-	houten pennen door het juk
skep	-	scheppen
skink	-	schenken
skip, skepe	-	schip, schepen
skitter	-	schitteren
skof	-	schoft, nek van os
skool	-	school
skottelgoed	-	vaat
skryf, skrywe	-	schrijven
skuinste	-	glooiing
skuur	-	schuur
slaai	-	sla
slawe	-	slaven
slim	-	knap
slu	-	sluw
snaaks	-	raar
sny	-	snijden
soek	-	zoeken
solank	-	zo lang
sommer	-	zo maar
soontoe	-	daarheen
soos	-	zoals
sorg	-	zorgen
sous	-	jus

span - "team", ploeg
spoorweë - spoorwegen
stad, stede - stad, steden
stadig - langzaam
stamdanse - inboorling-dansen
stap - wandelen
stasie - station
stat, statte - aantal hutten - Zwarte woonbuurt
stene - bakstenen
storie - verhaal
strop - riem om de nek van een os
stry
stryery - woordenwisseling
suikerbos - protea
swaarkry - lijden
swael - zwavel
swembaddens - zwembaden
syne - van hem
sypaadjie - trottoir

T

tapyte - kleden
tee - thee
teen - tegen
tikster - typiste
tipies - typisch
tjops - karbonaden
toebroodjie - boterham
toring - toren
trek - trekken
tuinjong - tuinman
tuiste - tehuis

U

u s'n - van u

V

vakansie - vakantie
val weg - beginnen
vandag - vandaag
vanmore - vanmorgen
vanoggend - vanochtend
vanweë - vanwege
vark - varken
varktjops - varkenskarbo-naden
varkore - Ääronskelk
vars - vers
veels te veel- veel te veel
veld - open natuur
venster - raam
veral - vooral
verby - voorbij
verdryf, verdrywe - verdrijven
versoek - verzoeken
vinnig - snel, vlug
vir - voor, aan
vlees - vlees
vleis - vlees
voël - vogel
volpunte - correct
volstruis - struisvogel
volstruiseier - struisvogelei
voorreg - voorrecht
voorskoot - schort

W

wa, waens - wagen, wagens
waatlemoen - watermeloen
wat - dat, wat, die
weerlig - bliksem
wees - wezen
weghou - weghouden
wêreld - wereld
wildevy - wilde-vijgenboom
wilgers - wilgeboom
wonder (ek wonder) - ik vraag me af
woonstel - 'flat'
wys - laten zien